# SOSIOLOGIE EN GESKIEDENIS

**J S Oosthuizen**
*Universiteit van Pretoria*

*SUMMARY*

Although sociology and history started off as one discipline they gradually developed into two completely different fields of study, each with its own methods and terminology. Since the beginning of this century a growing number of historians and sociologists have argued in favour of a closer co-operation between history and sociology. In this article a plea by Van Jaarsveld for more co-operation between history and sociology, is supported and ways in which this could be done are discussed.

Firstly, sociologists are cautioned not to resort to broad generalisations which are not supported by historical facts. Two abstract models which are often used by sociologists to explain social change — the linear and the cyclical model — are discussed and historians are urged to assist sociologists in gathering appropriate data to prove or disprove the validity of these models whenever they are utilised.

Secondly, historians are urged to employ certain methods and techniques which were originally developed by sociologists but could also be useful to historians since they would give them access to data that would otherwise remain beyond their reach. Examples of these are: the social survey, content analysis, network analysis and the construction of ideal types. A plea is also made to historians to make more frequent use of a number of sociological concepts which may enable them to describe certain forms of human behavior in a more precise way than was hitherto possible with purely historical concepts. Particular reference is made to the concepts "social structure" and "social function", "social role", "social stratification" and "mentality" and "ideology".

## Inleiding: Die Verhouding Tussen Sosiologie en Geskiedenis

Geskiedenis en sosiologie het eers omstreeks die begin van die negentiende eeu tot onafhanklike wetenskaplike dissiplines ontwikkel. Die verhouding wat sedert dié tyd tusen die twee dissiplines bestaan het, kan in baie opsigte as 'n liefde-haat-verhouding bestempel word. Hoewel die twee dissiplines in wese dieselfde onderwerp — mense in hulle samelewingsverband — bestudeer, is daar verskillende sake waaroor historici en sosioloë soms heftig van mekaar verskil. Een van die vernaamste geskilpunte tussen historici en sosioloë is hulle opvatting oor die metode en objek van die menswetenskappe waaraan ons in hierdie artikel nie veel aandag sal wy nie.[1]

---

Vergelyk vir 'n uiteensetting hiervan: F.A. van Jaarsveld, "Geskiedenis en Sosiologie (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 22/3, September 1982), pp. 171–173.

Wanneer 'n mens terugkyk op die ontwikkeling van die verhouding tussen geskiedenis en sosiologie kan daar drie hooffases onderskei word: 'n fase toe geskiedenis en sosiologie nog nie van mekaar onderskei is nie en vir alle praktiese doeleindes nog een dissipline gevorm het (tot omstreeks die begin van die negentiende eeu); 'n fase waarin die twee algaande uitmekaar gegroei en tot twee selfstandige dissiplines wat dikwels in heftige konflik met mekaar gewikkel was, ontwikkel het (die negentiende eeu); 'n fase waarin die twee dissiplines weer nader aan mekaar beweeg en baie van die ou strydbyle begrawe word (die twintigste eeu, maar veral sedert 1950).[2]

Ons bevind ons op die oomblik dus in die derde fase waarin daar oor 'n breë front tekens van toenadering tussen die twee dissiplines te bespeur is. Verskillende sosioloë het weer begin belangstel in die bronne en materiaal van historici en baie historici het op hulle beurt van metodes en konsepte wat tradisioneel slegs deur sosioloë hanteer is, gebruik begin maak. Beoefenaars van albei dissiplines begin vandag insien dat hulle in wese met dieselfde probleme worstel en oor en weer van mekaar kan leer deur hulle eie eensydighede en blinde kolle te laat korrigeer deur die ander dissipline. Die doel van hierdie artikel is om Van Jaarsveld[3] se argument dat die twee dissiplines mekaar aanvul en nouer saam behoort te werk, te ondersteun en terselfdertyd enkele maniere aan te toon waarop hierdie samewerking kan geskied.

## 2. Die Sosiologie en Historiese Feite

'Sosiologie is geskiedenis sonder harde werk'' (D G McRae)[4]
'Sosiologie sonder geskiedenis is leeg'' (E Topitsch)[5]

Die essensie van die kritiek wat in die bogenoemde twee sitate uitgespreek word, is dat die sosiologie oor die algemeen te min respek het (of gehad het) vir die getuienis van moeisaam verworwe historiese feite en te veel steun (of gesteun het) op leë abstraksies. Baie kontemporêre sosioloë erken die geregverdigdheid van hierdie kritiek; hulle toon gevolglik nie net meer respek vir historiese feite as wat vroeër gebruiklik was nie, maar swig ook toenemend voor die aanslag van feite deur gevestigde denkmodelle in die lig van feite te hersien. Om hierdie nuwe instelling by sosioloë te verstaan, is dit nodig om kortliks te kyk na die probleme wat die bekendwording van nuwe historiese feite soms aan sosioloë stel.

### 2. *Sosiologie en die konsepsualisering van sosiale verandering*

Hoewel Comte, die grondlegger van die moderne sosiologie, duidelik onderskei het tussen "sosiale statika" en "sosiale dinamika"[6] was hy meer geneig om aandag te skenk aan die statiese as die dinamiese dimensie van die sosiale werklikheid. Nieteenstaande die feit dat Comte self, en die meeste sosioloë na hom ook, op een of ander wyse rekenskap probeer gee het van sosiale verandering sou 'n mens tog kon sê dat sosioloë nog altyd moeite ondervind het met die konsepsualisering van sosiale verandering. Hulle neiging om hulle toevlug te neem tot abstrakte modelle het oor die algemeen daartoe gelei dat hulle voorstellings

2. Vgl. F.A. van Jaarsveld, *op. cit.*; P. Burke: *Sociology and history*, (London, 1980), pp. 13—30.
3. F.A. van Jaarsveld, *op. cit.*, pp. 188—189.
4. D.G. McRae, soos gesiteer deur F.A. van Jaarsveld, *op. cit.*, p. 169.
5. E. Topitsch, soos gesiteer deur F.A. van Jaarsveld, *op. cit.*, p. 169.
6. Vgl. Auguste Comte: *Cours de philosophie positive*, (Paris, 1864), vol. 5.

van sosiale verandering deur historici met 'n groot mate van skeptisisme bejeën is omdat nie een van hierdie modelle in alle opsigte deur historiese feite gerugsteun word nie. Comte se eie teorie oor die drie stadia in die ontwikkeling van die menslike denke en kultuur is 'n voorbeeld van so 'n abstrakte model wat nie in alle opsigte die steun van historiese feite het nie.

Daar is hoofsaaklik twee modelle wat deur sosioloë gebruik word om sosiale verandering te konsepsualiseer, naamlik 'n lineêre model en 'n sikliese model. Eersgenoemde het twee variante, naamlik 'n ewolusionêre model en 'n dialektiese model. In die lineêre model word sosiale verandering voorgestel as 'n ontwikkelingsproses; die ewolusionêre variant van hierdie model veronderstel dat daar 'n reglynige ontwikkeling is van minder na meer gekompliseerde samelewings; die dialektiese variant van die model veronderstel dat hierdie ontwikkeling spronggewys plaasvind en elke fase in die ontwikkeling van 'n samelewing die kiem van sy eie ondergang bevat. Aanhangers van die ewolusionêre model was sosioloë soos Comte, Spencer, Durkheim en Parsons. Die dialektiese model is veral deur Marx en sy volgelinge gepropageer. Die aanhangers van die sikliese model sien sosiale verandering as 'n proses wat homself voortdurend herhaal en waarin samelewings ontstaan, bloei en ondergaan om daardeur plek te maak vir nuwes wat opnuut dieselfde weg volg. Hierdie opvatting tref 'n mens in 'n mindere of meerdere mate aan by sosioloë soos Pareto en Sorokin.

Die bydrae wat die historikus tot 'n meer werklikheidsgetroue konsepsualisering van sosiale verandering kan lewer, kan twee vorms aanneem. Die historikus kan, eerstens, deur die sosioloog op sekere relevante historiese feite bedag te maak, aantoon dat 'n bepaalde abstrakte model wat deur die sosioloog gebruik word om sosiale verandering in 'n spesifieke konteks te verklaar, nie met die werklike verloop van sake te rym is nie. Die historikus kan die sosioloog op dié wyse dus help om nie te verval in growwe veralgemenings wat nie in ooreenstemming is met die historiese feite nie. Die historikus kan die sosioloog, tweedens, egter ook van diens wees deur hom op bepaalde historiese feite te wys wat die korrektheid bevestig van sommige van die modelle wat hy gebruik om verandering te verklaar; hy kan selfs verder gaan en historiese inligting versamel wat die sosioloog in staat stel om sekere sosiologiese modelle verder te ontwikkel. Die historikus kan die sosioloog dus help om die korrektheid van sy modelle (of teorieë) te toets deur die historiese feite wat dit kan onderskryf (of weerlê), onder sy aandag te bring.

## 2.2 *Die lineêre model*

Soos hierbo gestel is, word sosiale verandering deur sommige sosioloë voorgestel as 'n reglynige proses. Soms word dit gesien as 'n proses van kontinue reglynige vooruitgang (die ewolusionêre model) en soms as 'n proses wat nie noodwendig kontinu is nie maar nogtans 'n bepaalde rigting het (die dialektiese model).

### 2.2.1 *Die ewolusionêre model*

Hierdie model wat baie algemeen onder sosioloë aangetref word, konsepsualiseer sosiale verandering as 'n proses van "vooruitgang": verandering word gesien as geleidelik en kumulatief (ewolusionêr in plaas van rewolusionêr), in essensie van binneuit bepaal (deur endogene in plaas van eksogene faktore) en gekenmerk deur toenemende strukturele differensiasie ('n ontwikkeling van "eenvoudige" na "komplekse" sosiale strukture). Comte[7]

7. Vgl. Auguste Comte, *op. cit.*

onderskei drie opeenvolgende fases in die intellektuele en kulturele ontwikkeling van die mensheid ('n religieuse, 'n metafisiese en 'n positiewe); Spencer[8] praat van 'n geleidelike oorgang van minder na meer gekompliseerde samelewings en Durkheim[9] van 'n ontwikkeling van meganiese sosiale solidariteit (solidariteit van gelyke sosiale eenhede) na organiese solidariteit (solidariteit van die komplementêre sosiale eenhede); Parsons[10] onderskei vyf tipes samelewings wat mekaar histories opvolg ('n "primitiewe", 'n "gevorderd-primitiewe", 'n "archaïese", 'n "gevorderd-archaïese" en 'n "moderne"). Hierdie ewolusionêre voorstelling van sosiale verandering tref ons ook by die ekonoom Rostow[11] aan wat eweneens vyf opeenvolgende fases in ekonomiese groei onderskei ("geringe groei" soos in tradisionele samelewings, "bevrediging van die voorvereistes vir snelle, volgehoue groei", "aanvang van volgehoue groei", "snelle groei na volwassenheid" en "hoë massakonsumpsie").

Historici staan oor die algemeen skepties teenoor die voornoemde konsepsualiserings van sosiale verandering — veral wanneer dit toegepas word op pre-industriële samelewings. Daar is minstens drie besware wat daarteen ingebring kan word.

Daar word, eerstens, deur historici gestel dat sosiale verandering nie altyd 'n beweging van eenvoudige na komplekse sosiale strukture impliseer nie. Dit mag sedert die aanvang van die Industriële Rewolusie die oorheersende tendens in nywerheidslande wees, maar dit sou verkeerd wees om 'n verskynsel wat hom die afgelope tweehonderd jaar in sekere, hoofsaaklik Westerse, lande voordoen, te veralgemeen. Sosiale verandering het in pre-industriële samelewings dikwels in die teenoorgestelde rigting verloop. Historici wat hulle besig hou met die geskiedenis van die Romeinse Ryk en die aanslae van die barbare op die Ryk wys, byvoorbeeld, op die verval van stede as gevolg van dié invalle, die desentralisasie van die regeringstelsel en die verdringing van sekulêre opvattings deur metafisies-reglieuse opvattings wat dus beteken dat die proses van modernisasie omgekeer is. Historici wys verder ook op soortgelyke verskynsels in Spanje, Italië en die Oos-Europese lande in die sestiende en sewentiende eeue.[12]

Historici het, tweedens, ook bedenkings oor die meganika van sosiale verandering soos voorgestel deur die sosioloë. Hulle wys daarop dat veranderings in dieselfde rigting nie noodwendig altyd dieselfde weë volg nie. Sosioloë is meestal baie vaag oor hoe die ontwikkeling van "minder" na "meer" gekompliseerde samelewings verloop. Spencer en Durkheim het, byvoorbeeld, niks hieroor gesê nie. Rostow betoog in sy studie oor die vyf fases van ekonomiese groei dat al vyf fases deurloop moet word alvorens 'n era van hoë massakonsumpsie bereik word. Hierdie opvatting word weerspreek deur die ekonomiese historikus Gershenkron[13] wat aantoon dat lande soos Rusland, wat laat geïndustrialiseer het, 'n heeltemal ander pad gevolg het as lande soos Brittanje wat vroeg reeds geïndustrialiseer het. Rusland het volgens hom nie die Britse weg gevolg nie omdat dit 'n laatkommer was en vinnig moes inhaal om in tel te wees in die moderne wêreld.

Historici plaas, ten slotte, ook 'n vraagteken agter verklarings van sosiale verandering wat gebaseer is op die ewolusionêre model. Volgens hierdie model word verandering veroorsaak deur faktore wat inherent is aan 'n bepaalde sosiale sisteem self. Historici wys

8. Vgl. Herbert Spencer: *First principles* (London, 1862).
9. Vgl. Emile Durkheim: *De la division du travail social,* (Paris, 1893).
10. Vgl. Talcott Parsons: *Societies: Evolutionary and comparative perspectives,* (New York, 1960).
11. Vgl. Walt Rostow: *The stages of economic growth,* (Cambridge 1960).
12. Vgl. P. Burke, *op. cit.*, p. 84.
13. Vgl. A. Gershenkron: *Economic backwardness in historical perspective* (Cambridge, 1962), pp. 5—30.

egter daarop dat die veranderings ook veroorsaak word deur faktore wat van buite af op 'n samelewing inwerk. Die verowering en kolonisering van Asië, Afrika en Suid-Amerika gedurende die agtiende en negentiende eeu is 'n goeie voorbeeld van hoe sosiale sisteme ontwrig kan word deur die introduksie van 'n vreemde (in dié geval Westerse) militêre tegnologie. Epidemies is 'n ander voorbeeld van ontwrigtende magte van buite. In 1348 het die sogenaamde Swart Dood Europa vanaf Asië binnegedring en ongeveer 'n derde van die Europese bevolking laat sterf. Die gebrek aan mensekrag wat hierdeur ontstaan het, het tot verreikende strukturele veranderings in die Europese samelewing gelei.

Dit is van belang om hier te beklemtoon dat die ewolusionêre model nie noodwendig onhistories of verkeerd is nie; historici sou baie verloor indien hulle dit sonder meer sou verwerp. Wat egter nodig is — en dit is een van die maniere waarop historici sosioloë kan help — is om aan te toon in hoeverre hierdie model van toepassing is in situasies waar sosiale verandering plaasvind of plaasgevind het.

### 2.2.2 *Die dialektiese model*

Die dialektiese model van sosiale verandering wat 'n mens by skrywers/sosioloë soos Marx, Engels, Lenin, Lukacs, Gramsci en ander aantref, is gebaseer op die gedagte dat sosiale verandering 'n gevolg is van veranderings in die produksiemetodes van samelewings.[14] Hierdie veranderings in produksiemetodes lei volgens hulle tot interne teenstrydighede in samelewings wat op hulle beurt weer aanleiding gee tot klassekonflik en rewolusie. Rewolusie beteken dat een samelewingsvorm gewelddadig vernietig en deur 'n ander een vervang word (byvoorbeeld Feudalisme deur Kapitalisme en Kapitalisme deur Sosialisme). Marx het sosiale verandering gesien as 'n opeenvolging van samelewingsvorme (stamgemeenskap, slawesamelewing, feodale samelewing, kapitalistiese samelewing, kommunistiese/sosialistiese samelewing) wat almal verskillende produksiesisteme veronderstel. Hoewel Marx sosiale verandering net soos Spencer en andere verklaar in terme van 'n endogene faktor, naamlik die produksiemetode wat in 'n samelewing in swang is, is sy opvattings minder kwesbaar vir die kritiek wat hierbo op die ewolusionêre model uitgeoefen is en wel om die volgende redes.

Marx hou, eerstens, daarmee rekening dat verandering in die "verkeerde" rigting kan verloop. Marxistiese skrywers het dikwels gewys op die verval van die stedelike kultuur in Oos-Europa gedurende die sestiende eeu as gevolg van die opkoms van stede in Wes-Europa. Engels verwys na hierdie gebeure in Oos-Europa as die "tweede lyfeienskap". Meer resent het Marxiste[15] verwys na die "ontwikkeling van onderontwikkeling" in Derde Wêreldlande soos die lande van Suid-Amerika. Wat hiermee bedoel word, is dat sommige Derde Wêreldlande agteruitgaan omdat hulle grondstowwe uitgevoer word na Eerste Wêreldlande om daar verwerk te word en die vervaardigde produkte uiteindelik weer ten duurste aan die eersgenoemde lande verkoop word.[16]

Marx skenk, tweedens, baie meer aandag aan die meganismes van sosiale verandering as die ewolusionêre sosioloë — veral wanneer hy die oorgang van Feudalisme na Kapitalisme verklaar. Verandering is vir Marx die resultaat van 'n dialektiese proses: elke samelewing dra volgens hom die kiem van sy eie ondergang in homself rond. So het die

14. Vgl. J.S. (Kobus) Oosthuizen: "Class and class consciousness in Marx", (In: P. du Toit (Ed.): *Reflexions on Marxism*, Pretoria, 1982), pp. 78—82.
15. Vgl. onder andere A.G. Frank: *Capitalism and underdevelopment in Latin America* (New York, 1967).
16. Vgl. A.G. Frank, *op. cit.*; I. Wallerstein: *The modern World-system* (New York, 1974).

bourgeoisie die weg vir hulle eie ondergang gebaan deur die proletariaat in die lewe te roep. Sosiale strukture verander na sy mening nie self nie maar word verander deur rewolusies.[17]

Marx het, ten slotte, ook ruimte gelaat vir eksogene verklarings van sosiale verandering. Hoewel hy in sy analises van Westerse samelewings 'n ondergeskikte plek aan eksogene faktore as oorsake van sosiale verandering toeken, wys hy in sy ontleding van Asiatiese samelewings op die belangrike rol wat eksogene faktore daar speel. Sosiale verandering in Indië is volgens hom 'n gevolg van die vernietiging van die tradisionele sosiale strukture deur die Britse besetting.[18]

Die Marxistiese (dialektiese) verklarings van sosiale verandering is oor die algemeen meer bestand teen die kritiek van historici as die ewolusionistiese verklarings omdat dit baie meer op werklike historiese prosesse in die moderne wêreld steun. Wanneer 'n mens dit egter probeer toepas op pre-industriële samelewings word dit ewe onbruikbaar as die ewolusionêre verklarings. Omdat klassebewussyn in die Marxistiese verklarings as 'n voorwaarde vir sosiale konflik geld, is dit, byvoorbeeld, baie moeilik om sosiale konflik in pre-industriële samelewings waar nog geen klassebewussyn in die Marxistiese sin van die woord waargeneem kan word nie, te verklaar.

## 2.3 *Die sikliese model*

Die sikliese voorstelling van sosiale verandering is in die moderne sosiologie taamlik seldsaam. Dieselfde geld natuurlik ook vir die moderne geskiedskrywing. Hierdie verklaringsmodel wat in die oudheid (onder die Grieke en Romeine) die dominante verklaringsmodel was, het vandag byna heeltemal in onbruik geraak as gevolg van die lineêre geskiedenisvisie wat deur die Joods-Christelike godsdiens gepropageer is[19] en ook as gevolg van die moderne mens se konstante konfrontasie met "progressie" op byna alle terreine van die lewe. Net soos die moderne geskiedskrywing sy Spengler en Toynbee opgelewer het, vind ons in die sosiologie ook nog enkele skrywers wat van die sikliese verklaringsmodel gebruik maak. Die twee bekendstes is Pareto en Sorokin.

Pareto[20] het 'n sikliese teorie ontwikkel waarin hy die geskiedenis voorstel as 'n proses wat bepaal word deur die magstryd tussen elitegroepe (aristokrasieë). Geeneen van die groepe bly onbepaald in beheer van sake nie. Op een of ander stadium verloor elke elitegroep sy mag en maak plek vir 'n ander. Die geskiedenis word deur Pareto daarom ook bestempel as 'n "begraafplaas van aristokrasieë". Hy onderskei in die verband twee tipes van elites of aristokrasieë, naamlik dié met 'n konserwatiewe en dié met 'n progressiewe ingesteldheid. Sy teorie oor die sirkulasie van elites is 'n poging om sosiale verandering te verklaar in terme van die herhalende wisseling van regerende elites: die eerste tipe hierbo noem hy die "leeus" omdat húlle hul posisie met mag en geweld probeer handhaaf; die tweede tipe noem hy die "jakkalse" omdat hulle hulself handhaaf deur middel van innovasie en manipulasie.

Pareto se teorie moet in baie opsigte as te simplisties beskou word. Om sosiale verandering te reduseer tot die stryd tussen magselites is om die werklikheid van sosiale verandering te verskraal. Baie van die faktore wat hierbo reeds genoem is as veroorsakers

---

.7. Vgl. die uittreksels uit die werke van K. Marx en F. Engels in I. Fetscher: *Der Marxismus: Seine Geschichte in Dokumenten* (München, 1967), pp. 648—657.
18. Vgl. S. Avineri: *Karl Marx on colonialism* (New York, 1968).
19. Vgl. K. Löwith: *Meaning in history* (Chicago, 1949), pp. 1—19.
20. Vgl. Vilfredo Pareto: *Traité de sociologie générale* (Lausanne/Paris, 1916).

van sosiale verandering, word hiermee oor die hoof gesien. Van die vernaamste hiervan is faktore wat van buite af op 'n situasie inwerk en waaroor die elites waarna hy verwys, geen beheer het nie.

Sorokin[21] onderskei in sy teorie drie basiese "kultuurmentaliteite": 'n kultuur of era is "sensate" wanneer mense oorwegend op hulle sintuie staatmaak, "ideational" wanneer mense na dieper werklikhede agter die sintuiglike soek en die waarde van geloof beklemtoon, en "idealistic" wanneer hulle die vorige twee mentaliteite kombineer. Die onderskeiding tussen hierdie drie kultuurmentaliteite vorm die hoeksteen van sy teorie oor sosiale verandering. Sorokin stem met die historici saam dat daar unieke, nie-weerkerende aspekte in sosiale verandering is. Hy beklemtoon egter dat sosiale verandering nie slegs uit sulke unieke elemente bestaan nie maar dat daar ook weerkerende elemente is wat deur die sosioloog bestudeer moet word. Die algemene patroon van sosiale verandering is volgens hom een van reglynige beweging tot op 'n sekere punt wanneer hierdie lineêre beweging omgekeer word of, soos in sommige gevalle gebeur, daar stagnasie intree. Die omgekeerde beweging geskied ook weer tot op 'n bepaalde punt, waarna daar weer 'n omkering plaasvind. Die algemene patroon van verandering is 'n fluktuasie tussen "ideational"- en "sensate"-kulture met in die tussenfase 'n vermenging van die twee wat dan 'n "idealistic" kultuurfase tot gevolg het.

Hoewel daar vanuit 'n feitelik historiese oogpunt baie kritiek in te bring is teen elkeen van die voorafgaande modelle wil dit nie sê dat die modelle onbruikbaar is nie. Historici se taak sal in hierdie verband wees om te sê in *hoeverre* dit bruikbaar is (of nie bruikbaar is nie). Minder veralgemenings sal gemaak moet word. Sikliese veranderings kom in die reël meer in pre-industriële as industriële samelewings voor. Dit beteken egter nie dat daar nie ook sikliese veranderings in industriële samelewings — of lineêre veranderings in pre-industriële samelewings — waar te neem is nie.

Verder sal daar ook noukeurig gekyk moet word na die oorsake van sosiale verandering. Dit word nie slegs veroorsaak deur inherente faktore soos sosioloë algemeen geneig is om aan te neem nie, maar ook deur eksterne faktore soos oorloë, epidemies, ensovoorts. Historici sal moet aantoon wat hierdie eksterne faktore is en presies watter effek hulle op sosiale verandering het.

Ten slotte sal daar ook aangetoon moet word wat die presiese meganika van sosiale verandering is. Antwoorde sal verskaf moet word op vrae soos: Wat is die effek van oorloë op samelewings? Watter invloed het die indiwidue op die verloop van die geskiedenis? En op nog baie meer. Historici kan die sosioloë help om 'n beter begrip te kry van die verskeidenheid van paaie wat die geskiedenis soms loop om by dieselfde eindpunt uit te kom.

## 3. Die Geskiedenis en die Sosiologiese Rede

"Geskiedenis is sosiologie sonder verstand" (D G McRae)[22]
"Geskiedenis sonder sosiologie is blind" (E Topitsch)[23]

Die voorafgaande sitate beklemtoon die noodsaaklikheid van die gebruik van sekere konseptuele skemas in die ontleding van historiese gebeure. Historici kan in hierdie verband baie goeie gebruik maak van sekere konsepte en konsepsuele skemas wat deur sosio-

21. Vgl. Pitirim A. Sorokin: *Social and cultural dynamics,* 4 vols (New York, 1937—1941).
22. D.G. McRae, soos gesiteer deur F.A. van Jaarsveld, *op. cit.*, p. 169.
23. E. Topitsch, soos gesiteer deur F.A. van Jaarsveld, *op. cit.*, p. 169.

loë ontwikkel is sonder om enigsins afbreuk te doen aan die historiese egtheid van hulle werk.

### 3.1 *Geskiedenis en die konsepsualisering van die universele in die sosiale werklikheid*

Die sosiale werklikheid het, soos Comte dit reeds gestel het, nie net 'n dinamiese (veranderlike) dimensie nie maar ook 'n statiese (onveranderlike) dimensie. Historici is tradisioneel geneig om die nadruk te laat val op die veranderlike, die eenmalige in die sosiale werklikheid.[24] Hulle vertoon om dié rede dikwels 'n vorm van skeptisisme teenoor die gedagte van universele, onveranderlike strukture in samelewings. Hierin kan die sosiologie wat van die begin af veel sterker nadruk op die blywende, universele in die sosiale werklikheid gelê het, weer 'n belangrike bydrae tot 'n beter begrip van historiese gebeure gee. Die historikus se neiging om alles as eenmalig en uniek te beskou, is beslis net so eensydig as die sosioloog se neiging om alles in terme van blywende strukture te interpreteer. Die sosiologie het deur die jare nie net baie effektiewe metodes en tegnieke ontwikkel om strukture of patrone te identifiseer nie maar ook die nodige begripsapparaat geskep om hierdie dimensie van die sosiale werklikheid beter te analiseer en te beskryf.[25]

### 3.2 *Die sosiologiese werkwyse*

Alvorens iets gesê kan word oor die konsepsualisering van die statiese in die sosiale werklikheid, moet daar eers vlugtig gekyk word na die werkwyse van die sosiologie omdat dit ten nouste verband hou met die konsepte wat deur sosioloë gebruik word. In dié verband onderskei ons tussen "metodes" en "tegnieke". "Metodes" dui hier op die algemene wetenskaplike werkwyses van die sosiologie en "tegnieke" op spesifieke toepassings van hierdie werkwyses.

#### 3.2.1 *Metode: waarneming, meting en vergelyking*

Die metode van die sosiologie stem sterk ooreen met dié van die moderne natuurwetenskappe in die sin dat die data waarmee dit werk hoofsaaklik verkry word deur noukeurige waarneming en meting van verskynsels. Na verkryging van die data word dit — net soos in die natuurwetenskappe — vergelyk met data van ooreenstemmende verskynsels wat op 'n soortgelyke wyse verkry is en gesoek na moontlike ooreenkomste, reëlmatighede en verskille. Hierdie vergelykende metode is reeds deur Comte as die kenmerkende metode van die sosiologie bestempel. Die sosiologie probeer met ander woorde vasstel wat die algemene, universele in verskynsels is terwyl die geskiedenis hom hoofsaaklik bepaal tot 'n studie van die uniekheid van verskynsels. Om vas te stel wat uniek in verskynsels is, moet 'n mens egter weet wat algemeen is. Weber stel dit so: "We are absolutely in accord that history should establish what is specific, say, to the medieval city; but this is possible only if we first find what is missing in other cities (ancient, Chinese, Islamic)".[26] Die historiese en sosiologiese metodes is dus komplementêr en afhanklik van mekaar. Albei moet noodwendig van die vergelykende metode gebruik maak. Durkheim

---

24. Vgl. F.A. van Jaarsveld, *op. cit.*, p. 171.
25. Vgl. P. Burke, *op. cit.*, pp. 31—79.
Max Weber soos gesiteer deur G. Roth: "History and sociology in the work of Max Weber' *British Journal of Sociology* 27/3, September 1976, p. 307.

het na die vergelykende metode verwys as die "indirekte eksperiment" (data met betrekking tot verskillende verskynsels word versamel en daarna vergelyk vir ooreenkomste en verskille). Weber pas die metode ook toe in sy soeke na die spesifieke kenmerke van die Westerse samelewing. Hy doen dit deur indringende vergelykings te maak tussen die Westerse beskawing en die beskawings van Asië. Verskeie twintigste-eeuse historici het reeds die waarde van die vergelykende metode ingesien en dit toegepas. Otto Hintze[27], Marc Bloch[28] en Arnold Toynbee[29] is van die bekendste historici wat hierdie vergelykende metode toegepas het.

3.2.2 *Tegnieke: die sosiale opname, inhoudsanalise, netwerkanalise, konstruksie van ideëeltipes*

Die sosiologie het sedert sy ontstaan omstreeks die begin van die negentiende eeu verskillende tegnieke ontwikkel om data oor sosiale verskynsels in te samel en te vergelyk. Sommige van hierdie tegnieke kan ewe goed deur historici gebruik word en is in werklikheid reeds deur enkele historici benut. Die gebruik van hierdie tegnieke gee die historikus nie alleen toegang tot data waaroor hy andersins nooit sou beskik nie, maar kan in die meeste gevalle ook baie meer diepgang aan die historikus se studies gee. Dit kan die historikus ook in staat stel om, deur 'n vergelyking van data oor 'n groot aantal soortgelyke entiteite, vas te stel wat die unieke en universele kenmerke daarvan is. Die bekendste van hierdie sosiologiese tegnieke word vervolgens kortliks bespreek.

*Die sosiale opname:* Die sosiale opname is 'n metode wat die ondersoeker in staat stel om deur middel van 'n verteenwoordigende steekproef (monster) van 'n versameling (mense, stede, ensovoorts) 'n baie akkurate beeld te konstrueer van die algemene kenmerke van die verskynsel wat bestudeer word. Die vernaamste swakheid van hierdie metode is dat dit die ondersoeker maklik verlei tot ongegronde veralgemenings; hierteenoor staan egter dat dit die enigste manier is om redelik betroubare inligting te bekom oor 'n groot getal gevalle. Historici sou hierdie metode baie nuttig in baie van hulle navorsing kon aanwend. Hoewel die dooies self nie ondervra kan word nie kan die lewendes hulle in baie gevalle nog heelwat herinner oor wat hulle self ervaar of van ander verneem het. So sou 'n opname onder bejaardes bo 80 jaar, byvoorbeeld, nog baie waardevolle inligting kon genereer oor allerlei gebeure in Suid-Afrika rondom die eeuwisseling. In die buiteland is hierdie tegniek reeds baie vrugbaar deur lede van die Annalesskool benut.

*Inhoudsanalise:* Inhoudsanalises van historiese dokumente is uiteraard nie vreemd vir historici nie. 'n Mens sou dit selfs die mees beproefde metode van die historikus kon noem. Daar bestaan egter belangrike verskille tussen die werkwyse van die historikus en dié van die sosioloog in hierdie verband. Die sosioloog doen meesal baie moeite om 'n verteenwoordigende steekproef van die bronne wat geanaliseer moet word, te bekom. Groot sorg word aan die samestelling van die steekproef bestee. Die wyse waarop die data geanaliseer word, is verder hoogs geformaliseerd wat verseker dat daar nie maklik veralgemenings op grond van onvoldoende data gemaak word nie. Inhoudsanalises van steekproewe uit historiese dokumente uit 'n bepaalde tydperk sou ook vir die historikus van groot nut kon

27. Vgl. Otto Hintze: "The commissary and his significance in general European history" (In: F. Gilbert (Ed.): *The historical Essays of Otto Hintze,* New York, 1975), pp. 267—301.
28. Vgl. Marc Bloch: *La société féodale,* 2 vols. (Paris, 1939—40).
29. Vgl. Arnold J. Toynbee: *A study of history* (London, 1934—39).

wees. Weer eens sou die klem moet val op die algemene wat as verteenwoordigend van die geheel beskou kan word en nie op die unieke of eenmalige nie.

*Netwerkanalise:* Die analise van sosiale netwerke het sy oorsprong in die sosiometrie van Moreno.[30] Hoewel hierdie tegniek ook in die sosiologie nog te min gebruik word, is dit een wat baie vrugbaar deur sosioloë sowel as historici aangewend kan word om sosiale verbande tussen mense in 'n gegewe gemeenskap te analiseer. Die historikus kan deur die gebruik van historiese dokumente soos, byvoorbeeld, kerkregisters, 'n baie duidelike beeld konstrueer van die sosiale netwerke wat op 'n gegewe tydstip in 'n gemeenskap bestaan het. Hoewel enkele historici soos, byvoorbeeld, Imhof[31] soortgelyke tegnieke gebruik het om sosiale netwerke op 'n streeksbasis te identifiseer, is dit 'n veld wat nog nie voldoende ontgin is nie.

*Konstruksie van ideëeltipes (modelle):* Sosioloë maak gereeld gebruik van ideëeltipes of modelle wat abstrakte voorstellings is van entiteite wat op een of ander wyse in die werklikheid bestaan. Ook hierdie tegniek is nie vreemd vir historici nie. Die verskil is alleen dat historici oor die algemeen minder bewustelik met sulke tipes werk en selde die moeite doen om die modelle te beskryf en empiries te toets. Terme soos "Feodalisme", "Protestantisme", "Kapitalisme", "Renaisance" of "Verligting" wat dikwels deur historici gebruik word, is niks anders as "ideëeltipes" soos Weber dit verstaan het nie. 'n Wetenskaplike beskrywing van die modelle wat hulle hanteer, en 'n meer bewuste gebruik van sulke modelle, sou historici in baie gevalle help om veel duideliker en skerper omlynde beskrywings te gee van die verskynsels wat hulle bestudeer.

### 3.3 *Sosiologiese konsepte*

Die historikus kan nie alleen vrugbare gebruik van die metodes en tegnieke van die sosiologie maak nie, maar ook van bepaalde konsepte wat algemeen deur sosioloë hanteer word. Die gebruik van hierdie begrippe kan die teoretiese onderbou van die geskiedenis versterk en historici terselfdertyd ook in staat stel om die algemene of die universele dimensie van die sosiale werklikheid beter te beskryf.

*"Struktuur"* en *"funksie"*: "Struktuur" en "funksie" is twee sleutelkonsepte in die konsepsuele apparaat van die sosioloog. "Struktuur" (of "sisteem") verwys na 'n geheel wat uit verskillende samehangende onderdele bestaan. Om te praat van die "struktuur" van 'n spesifieke samelewing is om te suggereer dat die verskillende instellings (soos die godsdiens, die onderwys, die staat, ensovoorts) met mekaar saamhang. Dit is op sigself nie 'n vreemde gedagte vir die historikus nie. Wat die historikus egter vreemd mag vind, is die verdere stelling dat daar 'n ewewig (of balans) tussen hierdie instellings bestaan en dat veranderings in die een instelling outomaties tot veranderings in die ander lei; meer nog — dat sosiale instellings funksies het, dit wil sê een of ander doel het wat blootgelê kan word. Kritiese vrae wat die historikus in hierdie verband waarskynlik sal vra, is: Bestaan daar werklik so iets as 'n "sosiale ewewig"? En: Wat word in hierdie verband van die indiwiduele mense? Nie een van hierdie vrae kan sonder meer deur die sosioloog as irrelevant

---

30. Vgl. J.L. Moreno (Ed.): *The sociometry reader* (New York, 1960).
31. Vgl. N.B. Gouws: "Historiese demografie: Enkele opmerkings oor die werk van prof A.E. Imhof", In: J.S. Oosthuizen (Red.): *Referate/Papers 1984,* Pretoria, 1984, pp. 160—164.

van die hand gewys word nie, maar die historikus sou tog wys wees om, voordat hy die sosioloog se opvattings summier verwerp, daarmee rekening te hou dat daar soms wel so iets as 'n "balans" in samelewings waargeneem kan word en dat mense dikwels nie uit eie beweging handel nie maar as "instrumente" van die samelewing optree. Struktureel-funksionele verklarings moet nie beskou word as alternatiewe vir historiese verklarings nie, maar as komplementêr tot historiese verklarings omdat die historikus dikwels nie oor die tegniese apparaat beskik om die verskynsels wat sosioloë op die voorgenoemde wyse beskryf, te karakteriseer nie.

"*Sosiale rol*": Die begrip "rol" neem eweneens 'n sentrale plek in die sosioloog se begripswêreld in. "Rol" verwys na gedragspatrone wat geassosieer word met 'n bepaalde posisie in die sosiale struktuur. Voorbeelde van rolle is dié van die "koning", "kunstenaar", "kind", ensovoorts. Rolle verander gedurig. So verskil die betekenis wat vandag aan die rol van "kind" gegee word (en deur volwassenes geformuleer word) aansienlik van dié wat in die Middeleeue daaraan geheg is. Dieselfde geld ook vir die rol van "kunstenaar" of "koning". Rolle word bepaal deur die verwagtings wat ander mense het van diegene wat die rolle moet vertolk. Ook hierby kan die historikus baat vind indien hy in gedagte hou dat mense se gedrag verstaan word in terme van die rolle wat hulle speel, dit wil sê die verwagtings wat ander van hulle koester. Die gedrag van 'n enkele indiwidu kan nie net in terme van sy eie, spesifieke kenmerke (motiewe, swakhede, ensovoorts) verstaan word nie. In die middeleeue het die kunstenaar die rol gespeel van 'n "ambagsman", in die Renaissance dié van 'n "howenier" en in die negentiende eeu dié van 'n "rebel".[32]

"*Sosiale stratifikasie*": Hoewel historici altyd daarvan bewus was dat samelewings gestratifieer is, was dit veral die sosioloë wat die begrippe geskep het om die "gelaagdheid" van die samelewing te beskryf. Marx het die begrip "klas" tot 'n tegniese term verhef; Weber het weer van "statusgroepe" (of "stande") gepraat. Hoewel historici mettertyd ook van hierdie begrippe gebruik begin maak het, is dit belangrik om ook te weet van sekere probleme wat die gebruik van hierdie begrippe kan skep. Historici is ongelukkig nie altyd voldoende hiervan bewus nie. Eerstens moet in gedagte gehou word dat die begrip "klas" primêr 'n ekonomiese konsep is en verwys na die verhouding waarin 'n sosiale groep tot eiendom staan. "Status" (of "stand") verwys weer na die aansien wat 'n groep mense in 'n bepaalde samelewing geniet. Hierby sou 'n mens ook nog die begrip "kaste" kan voeg wat spesifiek op die Indiese samelewing betrekking het en verwys na die "suiwerheid" of "onsuiwerheid" van groepe. Hoewel hierdie begrippe almal na die gelaagdheid van die samelewing verwys, moet hulle oordeelkundig gebruik word omdat hulle verskillende betekeniskonnotasies het. Die begrip "kaste" het, soos reeds gesê is, betrekking op die gelaagdheid van die Indiese samelewing. Die begrip "stand", aan die ander kant, is meer geskik om die gelaagdheid van preïndustriële Europese samelewings mee te beskryf as die begrip "klas" wat meer toepaslik is vir moderne industriële samelewings. Die historikus moet dus gewaarsku wees teen hierdie subtiele onderskeidings wanneer hy die sosiologiese terme "stand", "klas" of "kaste" gebruik.

'*Mentaliteit*" en "*ideologie*": Historici het hulle tradisioneel toegespits op die beskrywing van die idees van die mees oorspronklike of mees prominente denkers van 'n bepaalde

32. Vgl. Q. Bell: "Conformity and nonconformity in the fine arts" (In: S.M. Lipset & L. Lowenthal (Eds): *Culture and social character*, New York, 1961), pp. 389—403.

tydperk en nie soseer op 'n beskrywing van die opvattings wat gemeenskaplik is aan die meerderheid van mense in 'n bepaalde tydperk, groep of samelewing nie. Dit was veral sosioloë wat die weg gebaan het vir die beskrywing van kollektiewe denke. Twee begrippe wat in hierdie verband 'n belangrike rol gespeel het, en nog steeds speel, is die begrippe "mentaliteit" en "ideologie".[33] Durkheim het die grondslag gelê vir die studie van "mentaliteite" hoewel hyself die term "kollektiewe bewussyn" gebruik het.[34] Hedendaagse sosioloë en kulturele antropoloë gebruik in dié verband ook terme soos "geloofsisteem", "denkwyse" of "kognitiewe kaart". Wat egter gemeenskaplik is aan al hierdie begrippe is die gedagte dat mense in dieselfde samelewing in breë trekke dieselfde dink en dat hierdie kollektiewe opvattings van samelewing tot samelewing of van groep tot groep verskillend is. Sosiale groepe maak verskillende voorstellings en gebruik verskillende begrippe om hulle ervarings te beskryf of te interpreteer. Historici het in dié verband al waardevolle bydraes gelewer[35] maar dit was veral sosioloë en sosiale antropoloë wat hier die weg gebaan het. E. Durkheim[36], M. Mauss[37], E. Evans-Pritchard[38], L. Goldmann[39] en C. Lévi-Strauss[40] is hier die baanbrekers.

Die begrip "ideologie", aan die ander kant, speel veral in die Marxistiese studie van groepsdenke 'n belangrike rol en word daar hoofsaaklik op die volgende twee wyses gebruik: Dit kan, eerstens, verwys na al die idees van 'n spesifieke sosiale klas of, tweedens, na die idees wat 'n spesifieke sosiale orde legitimeer. K. Mannheim[41] praat in dié verband van 'n "totale" en 'n "partikuliere" konsepsie van ideologie. L. Goldmann[42] stel 'n "totale ideologie" gelyk aan 'n "wêreldbeskouing". Historici by wie hierdie twee konsepte saamsmelt, is Duby[43] in sy werk oor die Middeleeuse feodale samelewing in Europa en Vovelle[44] in sy studies oor die denke en kultuur van die agtiende-eeuse Provence.

## 4. Konklusie: Die Komplementariteit van Sosiologie en Geskiedenis

Daar kan geen twyfel oor bestaan dat die geskiedenis en die sosiologie in wese dieselfde onderwerp — die menslike samelewing in al sy fasette — bestudeer nie. Die feit dat hulle oor die afgelope twee eeue geleidelik uit mekaar beweeg en selfs tot 'n mate hulle eie metodes en tegnieke ontwikkel het, is geen rede om aan te neem dat ons hier met twee

33. Vgl. M. Anstadt: *Op zoek naar een mentaliteit* (Amsterdam, 1973); D.E. Apter (Ed.): *Ideology and discontent* (New York, 1964); D. Bell: *The end of ideology: On the exhaustion of political ideas in the fifites* (New York, 1962); N. Harris: *Beliefs in society: The problem of ideology* (London, 1968); R. Samuel & G.S. Jones (Eds): *Culture, ideology and politics: Essays for Eric Hobsbawm* (London, 1982).
34. Vgl. in hierdie verband veral Emile Durkheim: *Les formes élémentaires de la vie religieuse* (Paris, 1912).
35. Vgl. onder andere Marc Bloch: *Les rois thaumaturges* (Paris, 1923); L. Febvre: *Le problème de l'incroyance au 16e siècle* (Paris, 1942).
36. *Les formes élémentaires de la vie religieuse* (Paris, 1912).
37. *Essai sur le don* (Paris, 1925).
38. *Witchcraft, oracles and magic among the Azande* (Oxford, 1937).
39. *Le Dieu caché* (Paris, 1955).
40. *La pensée sauvage* (Paris, 1962).
41. *Ideology and utopia* (London, 1936).
42. *Le Dieu caché* (Paris, 1955).
43. Vgl. G. Duby: "The diffusion of cultural patterns in feudal society" (In: *Past and Present*, no. 39), pp. 1—10; G. Duby: *Les trois ordres* (Paris, 1978).
44. Vgl. M. Vovelle: *Piété baroque et déchristianisation en Provence au 18e siècle*, Paris, 1973; M. Vovelle: *Les métamorphoses de la fête en Provence* (Paris, 1976).

outonome dissiplines te doen het wat albei volkome uniek is in hulle werkwyse nie. Soos Eriksen[45] tereg opmerk: "Historians generalize all the time, as numbers of them have pointed out, and sociologists are forever dealing with particularities no matter how energetically they cut and trim the data to fit the abstract logic of their procedures".

Elkeen van die twee dissiplines is ongelukkig, om 'n term van Burke[46] te gebruik, gepla met een of ander vorm van "parochialisme". Die historikus ly aan parochialisme in die letterlike sin van die woord: hy raak soms so verdiep in 'n spesifieke gebied of tydperk dat hy dit as "uniek" begin beskou en nie daarmee rekening hou nie dat dit hoogstens 'n unieke kombinasie is van gebeure wat elders ook reeds voorgekom het. Die parochialisme waaraan die sosioloog ly, is meer metafories van aard: Hy is dikwels geneig om die waarnemings wat hy in 'n spesifieke samelewing op 'n spesifieke tyd maak, te veralgemeen en aan te neem dat dit vir alle samelewings en alle tye geld.

Die konklusie waartoe ons in hierdie artikel wil kom, is dat die sosiologie en die geskiedenis bloedbroers is en komplementêr tot mekaar behoort te funksioneer. Die enigste regverdiging vir die afsonderlike bestaan van die twee dissiplines is die verskil in die aksent wat hulle lê. Die geskiedenis benadruk die veranderende ten koste van die blywende terwyl die sosiologie die blywende ten koste van die veranderende beklemtoon; die een kyk by voorkeur na die unieke en die ander na die universele. Vir sover hierdie verskil in aksente of perspektiewe meriete het, kan die afsonderlike bestaan van die twee dissiplines geregverdig word. Dit staan egter vas dat hulle gesamentlik 'n beter weergawe van die sosiaal-historiese werklikheid kan gee as afsonderlik.

45. Kai T. Eriksen: "Sociology and the historical perspective", *The American Sociologist* 5, November 1970, pp. 331—338.
46. Vgl. P. Burke, *op. cit.*, p. 13.